# 29 Junie 2023 - Lesing 61 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**'n Ernstige wys op God se ingryping en gevolge –** 1/3/58

**NO: 7052** Slegs 'n kort tydjie skei julle van die dag wanneer My Stem so geweldig sal weerklink, dat dit deur niemand geïgnoreer sal kan word nie. Dit sal nog maar 'n kort tydjie wees waarin julle in normale omstandighede sal lewe. **Maar dan sal daar chaos wees.** En julle mense sal voor ontsaglike opdragte geplaas word, om julle en jul medemens se lewe draaglik te maak deur **ongewone hulpverlening** om die chaos te oorkom, en met die geringe middele wat julle tot beskikking sal staan weer draaglike omstandighede te skep. Want julle wat in die gebiede woon wat deur 'n **natuurgebeurtenis van onvoorstelbare omvang getref sal word, sal alles verloor**.

Julle mense sal dit nie glo en dit ook nie kan glo nie, omdat julle **nog nooit tevore** so 'n dergelike natuurramp meegemaak het nie. Maar die einde wat hierop sal volg vereis so 'n ingryping van My kant af, omdat Ek **nog eenmaal** alle mense wil aanspreek om hulle tot besinning en tot rede te bring, om die nog te red wat van goeie wil is.

En die aanspreking sal deur geen mens nie gehoor kan word nie. Maar of hulle hul harte en ore sal oopmaak, staan hulle nog steeds vry. Want ook dan sal die meeste mense hulle nog afgesonderd hou van My. Hulle sal volhard in hul isolering, wat hulle al deur hul **ongeloof** aangegaan het. En hulle sal vir hulself alle ander verklarings soek en gee vir die gebeure, as die een, dat Ek tot hulle wil spreek, dat 'n God Homself aan hulle wil bekendmaak, Wie hulle wil toespreek om hulle tot besinning te bring, om hulle aan te spoor om hulle met Hom te verbind in die grootste nood en die grootste gevaar.

**Talle mense sal hul lewens verloor**. En die oë van die oorlewendes sal **reusagtige verwoestinge** aanskou.

Die nood sal uitermate groot wees en slegs **'n vaste geloof in My en My hulp** sal in staat wees om hulle te bewaar - wat slegs min mense sal besit. Wat aards onmoontlik sal lyk, sal deur My hulp tog moontlik wees. **En Ek sal dikwels daar wonderbaarlik inwerk, waar ware gelowiges op My en My hulp sal vertrou**.

Maar daar moet 'n **skok** oor die aarde gaan. Ook die harte van die mense moet ongewoon getref word, sodat hulle hulleself in die groot nood **behulpsaam sal toon teenoor hul naaste**. En daar sal oral 'n sigbare verbetering van die toestand intree waar hierdie liefde en onbaatsugtigheid - in die hulpvaardig wees vir die medemens - duidelik sigbaar sal wees. **Want dit alleen is die bedoeling van My gewelddadige ingryping**: Dat die mense hul 'ek' laaste sal stel en onbaatsugtige naasteliefde beoefen. Dan kan Ek hulle lot ook ophef. Dan kan Ek hulle voorsien van die nodigste. En Ek sal My waarlik oor diegene bekommer wat onbaatsugtig sal wees.

Daar sal 'n nood wees soos wat julle nog nooit tevore meegemaak het nie. Maar Ek moet so duidelik spreek, sodat elkeen My kan herken in My Mag en dat ook My Liefde besef sal kan word deur die diegene wat slegs sal let op die ongewone handreiking, wat menslik nie te verwag sou wees nie.

Wie die **innige band met My maar tot stand sal bring** of versterk, sal te alle tye ook seker kan wees van My hulp. **Maar die mense sonder geloof sal sleg daaraan toe wees**. Hulle sal probeer om hulself te help en dikwels ten koste van hul medemens. Maar hulle sal geen wins behaal nie, nóg aards, nóg geestelik.

Dit sal nie meer lank duur voordat hierdie rampspoedige gebeurtenis sal gebeur nie. Maar julle mense word opmerksaam daarop gemaak en dit is al 'n ongelooflike genade. Want julle weet dan ook tot Wie julle julself sal moet wend, Wie julle sal kan help in die grootste nood en die grootste gevaar. Daarom maak Ek die gebeure steeds weer aan julle bekend.

En wie daarna sal luister, moet vra vir 'n sterk geloof, om krag en sterkte om standvastig te kan bly. Dan sal hy ook in hierdie nood die weg inslaan na My, Wie hom alleen kan help.

En hy sal niks hoef te vrees nie, **want Myne sal Ek bystaan,** dit maak nie saak op watter manier nie. En tot myne reken Ek almal wat in My glo, wie tot My bid, wie hulle dus met My verbind en daarom ook altyd seker kan wees van My beskerming en hulp.

En aan hierdie is die taak opgedra, **om ook hulle medemens op My te wys,** sodat ook hulle die weg na My kan inslaan wanneer die uur gekom het wat beslissend is vir die wel en weë van alle mense. Amein.